NETHEID VAN SKRIFTE EN HANDBOEKE

Dankie aan al die ouers wat saam met hul kinders trots is op hul boeke.
Die leerlinge se boeke lyk netjies oorgetrek.

Daar is ‘n paar leerlinge wie se boeke nog nie oorgetrek is nie, u kan gerus vir Mnr Jankoiwitz by die skool skakel. Ons help graag.

DISSIPLINESTELSEL

Die skool is besig om ‘n proefneming te maak m.b.t ‘n nuwe dissiplinestelsel.

Die stelsel maak voorsiening vir positiewe en negatiewe gedrag en sal op ‘n puntebasis werk.

Personeel dokumenteer alles deur die loop van die dag en aan die einde van die dag word alles op ‘n rekenaar sisteem ingelees. So kan die skool dan ‘n profiel van elke leerder in die skool saamstel.

Ouers sal daarna gekontak word vir onderhoude indien daar enige uitvalle is.

Dit is reeds opmerklik dat ‘n paar leerlinge nie die belangrikheid van huiswerk doen besef nie.

Ons vra dat ouers ons sal help in dié verband en leerlinge sal motiveer om huiswerk te voltooi.